Publication: George Herald - Sport
Page: 23
Title: Oakdale wys die Kwaggas 'n ding of twee in derby
Publish Date: 12 June 2025
AVE: 8905
Author: Unspecified

Oakdale wys die Kwaggas 'n ding of twee in derby

Alle voete in die lug ... Oakdale se vleuel, Myburgh Eksteen, duik oor die doellyn met twee Kwaggas, Jade Petersen en Franco du Toit, wat saam met hom oor deur die lug trek.
Foto: Servaas de Kock

Hoër Landbouskool Oakdale het Hoërskool Outeniqua (Kwaggas) Saterdag 7 Junie oortuigend met 50 - 7 in 'n opwindende derby op die Tommie Smook-stadion geklop.

Oakdale was deurentyd aan die stuur van sake en het 'n baie fisieke wedstryd gespeel. Kwaggas het 'n paar kanse gehad, maar swak hanteerwerk het hulle kanse gekelder.

Kwaggas se o. 14-, o. 15- en o. 16-spanne het sterk vertonings gelewer met oorwinnings vir o. 14A (17 - 5), o. 14B (13 - 12), o. 14C (31 - 0), o. 15A (19 - 13) en o. 16A (33 - 17). Kwaggas kan trots wees op die jong talent.

Die tweede en derde spanne van Oakdale het sterk opgetree met onderskeidelik 57 - 12 en 56 - 8 oorwinnings.

Outeniqua het in 'n verklaring alle spanne gelukgewens met 'n sportiewe en gesonde wedstryddag.

"Baie dankie aan ons hoofborge, Provantage Sport en King Price, asook Suzuki SA en Food Lovers Market vir hul bydraes. Ons waardeer ook ons lojale ouers en ondersteuners deur die jaar," het die skool gesê.

'n Dag van rugbypret, mededinging en gemeenskapsgees het weereens gewys hoekom hierdie derby 'n hoogtepunt op die skole se rugbykalender is.

Skandeer vir fotogalery

Full Page Image